# Kerk en volk

D J C van Wyk
Universiteit van Pretoria

Abstract
Church and nation

In this essay the relationship between the church and the nation, is once more investigated. It has become necessary in the light of the fact that the concept of 'nation' is being treated more and more negatively, especially in the ecumenical theology of mission and the struggle against apartheid in South Africa. The background to this negative attitude is not only the racial situation in South Africa, but also the experiences of church and theology in Nazi Germany. The conclusion at which the author arrives, is that, because of its assosiation with apartheid in South Africa, the word 'nation' has became more and more a curse. This attutude is irresponsible, and not in line with biblical thought.

## 1. INLEIDING

Dit was aanvanklik moeilik om duidelikheid te kry oor die vraag waarom dit nodig is om nog 'n keer oor die tema 'kerk en volk' te besin. Hoewel Van Zyl (1989:89) se stelling korrek is, naamlik dat omvattende verwysingsmateriaal oor die volkskerk uit die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk nog ontbreek, is dit tog so dat daar al heelwat oor die tema 'kerk en volk' geskryf is.

Botha (1989:2) toon aan dat die volkskerkgedagte die Nederduitsch Hervormde Kerk in 'n uitsonderingsposisie plaas sowel ten opsigte van sy verhouding tot die ander twee Afrikaanse kerke as ook ten opsigte van sy sendingbeleid en sendingmetode. Daarom moet die Kerk hom daarvan vergewis dat sy gedagtes oor hierdie saak

* Lesing gelewer tydens die Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te Pretoria op 20 November 1990.

deeglik verantwoord en relevant is. Daarby beweer Botha dat dit wil voorkom of die begrip 'volk' al meer in Suid-Afrika vermy word en dat daar liewer van minderheidsgroepe gepraat word. Ook om dié rede moet die Nederduitsch Hervormde Kerk seker maak of hy nog 'n entiteit soos 'volk' wil erken en wil aanhou om van 'volkskerk' te praat.

Terwyl hierdie tema die Nederduitsch Hervormde Kerk nie net in 'n uitsonderingsposisie plaas nie, maar hom ook in 'n groeiende mate op kerklike en teologiese terrein isoleer, en terwyl ons in die tyd van openbare skuldbelydenisse leef (vgl die Rustenburgberaad in 1990), is dit noodsaaklik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk oorweeg of hy rondom hierdie en aanverwante temas soos 'volkereverskeidenheid' en die 'beleid van afsonderlike ontwikkeling' skuld wil bely of van sy uitsprake uit die verlede wil herroep.

Dit is goed en nodig om mekaar aan die begin van die artikel weer 'n keer te vermaan om meer beskeie te wees en groter eerbied aan die dag te lê in ons eise en aansprake oor wat ons meen die wil van God in sake soos hierdie is. Dit is skreiend om te merk hoe maklik teoloë juis rondom hierdie tema hulle eie gedagtes en oortuigings in die Skrif inlees. Groter eerbiedigheid in ons spreke oor God, sy Woord en sy wil sal teoloë red van uitsprake soos dat die Skrif partisie in die sin van afsonderlike ontwikkeling leer (Potgieter 1990:29) of dat die nuwe Suid-Afrika die vrug van die werk van die Heilige Gees is (Heyns 1990:14).

Wat ons in die Bybel vind, so het Karl Barth ons geleer, is nie die ware gedagtes van die mens oor God nie maar die ware gedagtes van God oor die mens.

## 2. DIE KERK

Dit kan nie die bedoeling wees om hier enigsins te moet handel oor die inhoud van die begrippe 'kerk' en 'volk' nie. Dit gaan hier om die problematiek wat opgesluit is in die verhouding 'kerk en volk'.

Vir dié doel geld slegs die volgende oorwegings: Die Bybel praat van die kerk as 'n gemeente of 'n gebou, 'n kudde, 'n liggaam, 'n volk, God se eiendomsvolk, uitverkore volk, afgesonderde nasie, koninklike priesterdom (1 Pet 2:9). 'n Individualistiese Christendom ken die Bybel nie. Christus en die kerk hang nou saam. Wie 'Christus' sê, sê 'kerk'. Daarom is lidmaatskap van die kerk in die Bybel 'n vanselfsprekendheid. 'n Mens kan nie in Christus glo sonder om in die gemeenskap van die kerk te staan nie. Geen mens kan as enkeling, geïsoleerd van ander, Christen wees nie.

Dit is van hier uit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk geleer het om verbondsgewyse en nie heilsindividualisties nie oor die kerk te dink (*Kerk en wêreld*

*2000* 1985:6). In die beskouing oor die kerk is sake soos 'huisgesin', 'volk', 'taal' en 'kultuur' belangrik. Die verbond vorm die basis van die kerk.

Hierteenoor staan daar verskeie ander beskouinge oor die kerk. Daar is die huidige ekumeniese sendingteologie waarin die piëtistiese invloede van die laat negentiende eeu steeds sterk invloed en nawerking het. In dié teologie word die kerk gesien as agent vir verandering, 'n instrument om 'n beter wêreld tot stand te bring.

Naas die sendingteologiese beskouing oor die kerk is daar verskeie kerkbeskouinge waar individualisties oor die kerk gedink word. Dit het tot uitdrukking gekom in die vryekerk-idee in Nederland en hier in Suid-Afrika. Pont (1986:59) wys daarop dat die Kaapse Kerk in die tyd van die Groot Trek ook in sy beskouing oor die kerk sterk beïnvloed was deur die opvattings van Wesley en die metodistiese lyn in die Nadere Reformasie. Hier is die verbonds- en teokratiese denke van Calvyn op die agtergrond geskuif. In die middelpunt staan meer die bekeerde gelowige en sy subjektiewe ervarings en strewe na heiligheid. Vanuit hierdie vreemde kerkbegrip en 'n oordrewe beklemtoning van die antitese tussen kerk en wêreld, kon die Kaapse Kerk die Voortrekkers teologies nie verstaan nie.

In die Transvaalse Kerk het, deur die invloed van ou skrywers soos à Brakel, die Calvynse opvatting bly leef naamlik dat die verbond die basis van die kerk is. Omdat hulle aan die leer van die verbond vasgehou het, het die volk in die denke van die Voortrekkers 'n sterk rol gespeel (Pont 1986:56).

So het rondom die beskouing oor 'kerk', 'gemeenskap' en 'volk' 'n onoorbrugbare kloof gegroei tussen die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal. Dit was volgens Pont (1986:29), hoewel nooit duidelik uitgespel en na die oppervlakte gedwing nie, tog die grondliggende oorsaak van die mislukking van die Kerkvereniging in 1886.

## 3. VOLK

'n Volk kan vandag gedefinieer word as 'n groep mense wat 'n eenheid vorm op grond van die besit van 'n eenvormige kultuur of lewenswyse wat deur 'n lang proses van samewoning, ondertrouing en kultuuroordrag na opeenvolgende generasies verwerf is (Coertze 1979:159).

Uiteraard kan ons hierdie definisie van wat 'n volk is, nie volledig net so indra in die uitsprake in die Bybel waar van 'volk' sprake is nie. Noukeurige formulering en versigtigheid is nodig.

Breytenbach (1979:169) onderskei in die algemeen die volgende konstituerende elemente vir 'n volk in die Ou Testament:

* Die grondgebied wat gesamentlik bewoon word;
* Die gemeenskaplike taal wat gepraat word;
* Die familieband tussen persone en groter groepe.

Van Aarde (1979:175) wys op 'n aantal woorde wat in die Nuwe Testament gebruik word as aanduiding van (soos hy dit noem) sosio-politieke groeperinge. Dit is die verskynsel dat 'n groep mense op 'n sekere plek woon en as sodanig 'n bepaalde sosiale en politieke gemeenskap vorm. Dit, sê Van Aarde is die verskynsel wat in die Nuwe Testament die naaste kom aan wat ons vandag onder die term 'volk' verstaan.

Met sy definisie van wat die Ou Testament onder 'volk' verstaan, kom Breytenbach (1979:174) tot die volgende slotsom:

> Die Ou Testament waardeer die volkereverskeidenheid as 'n skepping van God. Hierdie verskeidenheid word in verband gesien met God se doel dat die mensdom die aarde moes vul. Israel is as uitverkore volk kragtens sy roeping verbied om te meng met heidenvolke, vanweë die gevaar wat dit vir die suiwer geloof in JHWH kon inhou. Enkelinge wat bereid was om volledig deel van Israel te word en te leef onder die bevel en beskikking van die lewende God, is opgeneem in die Godsvolk. Daarby moet beklemtoon word dat na die volkereverskeidenheid meestal verwys word met die oog op die verkiesing van Israel.
>
> Alhoewel die volkereverskeidenheid erken word as 'n skepping van God, is daar géén aanduiding dat dit 'n ewige verordening is wat nooit verbreek mag word nie. Die Ou Testament *verplig nie* die handhawing van die verskeidenheid nie en dit word ook *nie verbied nie*. Omdat dit in die Ou Testament gaan om Israel tussen die volke, kom die vraag of die verskeidenheid van volke in ander gevalle en situasies gehandhaaf moet word, glad nie eers in die gesigseinder nie. Die Ou Testament lewer dus geen uitspraak (positief of negatief) oor die vraag of die volkereverskeidenheid gehandhaaf móét word nie.

Van Aarde (1979:178) kom in sy studie oor die verskynsel van volkereverskeidenheid in die Nuwe Testament min of meer tot 'n gelykluidende konklusie. Hy stel dit soos volg:

> Die Nuwe Testament ken die verskynsel van die verskeidenheid van sosio-politieke groeperinge. Soms word hierdie verskynsel net terloops aangeraak (vergelyk verder Hd 7:6, 1 Pt 1:1, Lk 17:18). Soms kry ons so in die verbygaan die indruk van die aanwesigheid van positiewe 'patriotisme' by Bybelse figure. In geen een van dié betrokke gedeeltes word die aanwesigheid daarvan òf veroordeel òf beveel nie.

> Op een plek (Hd 17:26) word verwys na 'n skeppingsreëling waardeur God die verskeidenheid van sosio-politieke groepe gewil het, maar sonder die imperatief dat die handhawing daarvan 'n Goddelike eis is. Só 'n imperatief sou beteken dat die bestaan van die Afrikanervolk, soos baie ander 'volke' vandag, vanweë die assimilasie van verskillende groepe in sy verlede, 'n stuk 'sonde' in homself is. In dié Nuwe-Testamentiese gedeeltes waar die onderhawige aangeleentheid op die voorgrond tree, is die boodskap duidelik dat geen bepaalde sosio-politieke groep (soos die Joodse) alleenreg op die heil in Christus het nie. Die liefde van God in Jesus Christus (en so ook sy oordeel – vergelyk Mt 25:32) is universeel gerig. Geen Bybelse bevel tot 'gemengde' of 'afsonderlike' gemeentevorming word uitgereik nie. Nie vir die Nuwe-Testamentiese tyd nie, en ook nie vir die tyd daarna nie.

In geeneen van hierdie studieresultate van Breytenbach en Van Aarde, wat as werkstukke vir 'n studiekommissie oor Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk gedien het, is daar selfs 'n sweem van verabsolutering van die plek, inhoud en betekenis van die begrip 'volk' in die Ou en die Nuwe Testament nie. Ons sou kon sê dat 'volk' hier korrek gewaardeer word vir wat dit in die Bybel is: 'n bepaalde gegewenheid wat God naas baie ander gegewenhede soos taal, kultuur, familieverwantskap as gawe vir die mens laat toekom het; gawes ten opsigte waarvan die mens die verantwoordelikheid het om dit tot eer van God aan te wend, maar ook gawes ten opsigte waarvan hy voortdurend teen die versoeking moet waak om hom daarvoor teen God te verhef en sodoende in heidendom te verval.

Hiernaas is daar in die Ou Testament die uitsprake waar na Israel verwys word as die heilige, uitverkore volk van God. Tussen dié volk en God bestaan 'n besondere verhouding. Dié besondere verhouding vind sy gestalte in die verbond.

Ook in die Nuwe Testament word die woord 'volk' gebruik as aanduiding vir die gemeente van Jesus Christus waaronder die uitspraak in 1 Petrus 2:9 van die bekendste is: 'uitverkore volk', 'volk van God, wat sy verlossingsdade moet verkondig', 'eiendomsvolk van God'.

Tussen die volk van God, die kerk van Christus en die volkere, soos dit in die definisies hierbo gegee is, is geen wesensverwantskap of wesensidentifikasie moontlik nie. Selfs al gebeur dit soos meermale in die geskiedenis waar kerk en volk ewewydig naas mekaar bestaan of waar die grense selfs oorvleuel, verander dit nog niks aan die feit dat daar tussen kerk en volk geen wesensverwantskap is nie. Die enigste verband wat daar bestaan, is dat die volkerewêreld die objek vorm waarop die kerk sy verkondiging rig.

Dit is daar waar nie meer suiwer oor die kerk gedink word nie, dat die verhouding 'kerk en volk' 'n probleem word. Enersyds word die volk 'n grootheid naas of bo die kerk of daar kom wesensgelykheid tussen kerk en volk. In elke geval word die volk tot afgod. Andersyds, as die volk nie meer waardeer word op sy plek as deel van die skeppingswerk van God naas ander gegewenhede nie, kom in die plek daarvan 'n ander ideologie, dié van die gelykheidsdogma, nog steeds in elk geval 'n afgod.

Na al die eeue bestaan die wêreld vandag steeds nie uit ander entiteite as volkere nie. Ons dra nie kennis van een enkele plek waar dit anders is nie. Die Bybel dink ook nie aan die wêreld in terme van 'n ongeordende massa of 'n menigte enkelinge nie. Die Bybel praat van die mensdom in verbande van gesin, familie, stam, volk, nasie, geslag.

As 'volk' op sigself sonde was, dan sou dit baie eienaardig wees dat die Bybel aan hierdie woord uit baie ander woorde voorkeur gee om die kerk van God te tipeer.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk glo steeds dat ongeag die feit dat Kerk en volk in die verlede telkens eweredig naas mekaar bestaan het, Kerk en volk dikwels eng verbonde was en die grense van Kerk en volk in die ou Suid-Afrikaanse Republiek soms selfs in 'n mate saamgeval het, hy nooit iets van sy kerkwees ingeboet het nie en hy steeds voluit belydende Kerk kon bly.

## 4. VOLKSTEOLOGIE

Binne die Nederduitsch Hervormde Kerk en sy teologie is daar 'n pynlike bewustheid van die gevaar van 'n burgerlike godsdiens of 'n vorm van volksteologie. Die Nederduitsch Hervormde Kerk weet dat, juis omdat hy volkskerk is, bogenoemde gevare skerp om die hoek loer. Die Kerk besef baie goed dat hy, ongeag sy sterk solidariteit met die Afrikanervolk, 'n kritiese afstand tot dié volk en sy lotgevalle moet handhaaf sodat hy altyd sy profetiese roeping teenoor die volk sal kan nakom (*Kerk en wêreld 2000* 1985:4).

Die kerk- en sendinggeskiedenis toon inderdaad dat daar tydperke was waarin die dodelike gevaar van 'n wesenseenheid tussen of onheilige vermenging van kerk en volk nie deur die kerk besef en raakgesien is nie. Voorbeelde daarvan is die Duitse sendingwetenskap aan die einde van die negentiende en begin van die twintigste eeu, soos onder andere bewoord in die werk van Gustav Warneck en Walther Freytag. Deur sending en kerkvorming ontstaan *Volkschristianisierung* as wysheidsvolle goddelike pedagogic. Die sending moet brûe bou na die religieuse en kultuurbesit van die volke toe (Verkuyl 1975:46).

In die *Missionslehre* van Warneck is daar 'n merkwaardige vermenging van Bybelse en natuurlike teologie, van die prediking oor die Ryk van God en nasionale bewussyn, van menslike bloed- en Godsverwantskap, van sending en volks-pedagogie, van die bekering van die individu en *Volkschristianisierung*, van kerk en volk en van volkskerk, en 'n vermenging van Biblisistiese ortodoksie, piëtistiese vroomheid en romantiek wat herinner aan Herder en Schleiermacher. 'Kerk' en 'volk' word geïdentifiseer. Die klem verskuif na die volk.

Bekend is ook die wyse waarop Hitler die kerk aan die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog vir sy volksideaal ingespan het onder die dekmantel van opregte samewerking tussen kerk en staat. Terwyl dit bekend word dat Hitler daagliks die Bybel lees, praat 'n teoloog met Karl Barth oor gebedsverhoring (Blenk 1988:68). Die *Deutsche Christen* vertolk God se openbaring in die geskiedenis so dat Hitler gesien word as gawe uit God se hand. Hulle eis ook die Ariër-paragraaf waardeur Jode uit openbare ampte verwyder moet word. Ook hier gaan algemene openbaring en natuurlike teologie hand aan hand.

Hitler wou dat die kerk geheel en al sou opgaan in die volk. Die geloofsbeweging van Duitse Christene wou dat Christus en volk mekaar ontmoet, dat kerk en volk saamklink. Mettertyd kom die volk volledig in die sentrum van kerklike en teologiese aandag te staan. Die Duitse Kerk moes opnuut volkskerk vir die Duitsers word. Dié Duitse volkskerk moes hom vrymaak van alles wat onduits was en veral van die Ou Testament en sy Joodse loonmoraal.

In die Afrikaanse Kerke was dit in die periode na die Tweede Wêreldoorlog veral teoloë uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat aparte kerke en eiesoortige volksbestaan op Bybeltekste gegrond het. So verklaar Du Preez byvoorbeeld dat etniese groepering van kerke geoorloof is op grond van Handelinge 2:6-11 (Geyser 1960:3). Die gedagtes van Du Preez vind onder andere neerslag in sy werk *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens* (Du Preez 1959). In dié werk word rasseskeiding in kerk en maatskappy aan die hand van talle Skrifuitsprake gestaaf.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se posisie ten opsigte van die begronding van die apartheidsbeleid is uitgebreid nagevors en uiteengesit in 'n publikasie getitel *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid* onder redakteurskap van Kinghorn (1986).

In die reaksie van beswaarde lidmate uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk op *Kerk en samelewing* word swaar klem gelê op die Godgewilde verinheemsing van die Kerk, die handhawing van die volkseie en die innige verbondenheid van kerk en volk (*Geloof en protes* 1987:3-6). Op grond van onder andere die 'skeppingsordening' in Gen 10 en 11 bely *Geloof en protes* (1987:21) dat daar in die oog van God onderskeid is tussen mens en mens, ras en ras, volk en volk.

König (1987:4) bestempel *Geloof en protes* as 'n radikalisering van die ou apartheidsteologie binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die samehang van kerk en Afrikanervolk en die apartheidsteologie soos dit in die Nederduitse Gereformeerde Kerk begrond is, het mettertyd vanuit dié Kerk self sterk onder die soeklig gekom. Botha (1987:120) bestempel dit as volksteologie, 'n denkpatroon waarin 'volk' 'n belangrike onderdeel van die teoretiese basis van die teologie vorm. In dié teologie sê Botha, word 'volk' 'n baie belangrike teologiese saak wat met Bybelse funderings uit die Skrif gerugsteun word. Die voortbestaan, handhawing en belange van die volk, naas die voortbestaan, handhawing en belange van die Koninkryk van God word in die volksteologie by uitstek 'n godsdienstige aangeleentheid wat 'n bepaalde verskansing geniet deurdat dit aan die wil van God gekoppel word en in die Bybel gefundeer is.

Uit die geloof in die roeping van die Afrikanervolk is die verpligting tot voortbestaan en handhawing van die volk afgelei. Die begronding van volk as teologiese en godsdienstige saak is mettertyd, volgens Botha al meer gebaseer op die beginsel van verskeidenheid. Hierin sien hy sterk spore van die teologie van Kuyper.

Du Rand (1979:183-185) beoordeel die Afrikaanse Calvinisme in Suid-Afrika as 'n vorm van burgerlike godsdiens. Die Afrikaanse vorm van Calvinisme herlei hy by wyse van algemene stelling na die Calvinisme van Kuyper. Die Afrikaanse Calvinisme, gekoppel aan die teologie van Kuyper, sê Du Rand, is 'n vorm van burgerlike godsdiens met die inhoud wat J J Rousseau daaraan gegee het. Dit is godsdiens wat waarde het vir die welvaart en sekuriteit van die gemeenskap. In die geskiedenis van die blanke Afrikaners is al die elemente teenwoordig wat so 'n vorm van burgerlike godsdiens stimuleer, onder andere 'n toestand van voortdurende ernstige bedreigdheid.

Van der Merwe (1986:331) sluit aan by Noordmans wat die Duitse Christene se nasionale kerklikheid en nasionale Christendom bestry het met die stelling dat nie die nasie nie maar die inkarnasie die hoeksteen van die kerk is. Bodem en geskiedenis moet baie verder op die agtergrond tree. Nadat Van der Merwe die dwalinge van die Duitse Christene oor ras en volk breed uitgemeet het, bespreek hy die situasie van die Afrikaner. Hy sê die Afrikaner moet ophou om sy verlede te romantiseer. Ons volksgeskiedenis is nie 'n verlengstuk van die heilsgeskiedenis nie. Bloedrivier lê op 'n ander vlak as Golgota en die opstanding en die wederkoms (Van der Merwe 1986:334). Hierna loods hy 'n aanval op Artikel III van die Nederduitsch Hervormde Kerk se Kerkwet en betoog dat, soos by die Duitse Christene, ook hier, die kerkvolk tegelyk rasvolk is.

## 5. DIE VOLKSKERK

Wat binne die Nederduitsch Hervormde Kerk en sy teologiebeoefening onder sy siening van homself as volkskerk verstaan word, is die afgelope paar jaar voortreflik deur onder andere Pont in verskeie uitgawes van *Hervormde Teologiese Studies* uiteengesit. Dit is ook deur Van der Westhuizen gedoen in sy publikasie *Volkskerk en sending* (1981). Dit is ewe voortreflik deur Botha, Van der Westhuizen en Van Zyl gedoen in hulle publikasie *Belydende volkskerk* (1989). Enkele aanvullende opmerkings word hierby gemaak.

Dit is baie jammer dat teoloë uit die ander Afrikaanse kerke dit steeds hulle taak ag om die volkskerkbegrip veralgemenend onder verdenking te plaas. Du Toit (1987) beskryf die volkskerk as 'n sluipende gevaar waar die wil van God met dié van die volk verwar word. Die volkskerk vereenselwig hom dermate met 'n bepaalde volk dat sy kerkwees nie meer beslissend deur die evangelie nie maar deur sy volksverbondenheid bepaal word. Nie meer die wil van God is beslissend vir die volkskerk nie, maar die vrese en ideale van die volk.

Dit is nie wat die Nederduitsch Hervormde Kerk met sy siening oor homself as volkskerk doen of beoog nie. Met sy siening van homself as volkskerk sê die Nederduitsch Hervormde Kerk dat hy die genadeverbond aanvaar as die basis, die grondslag, die agtergrond en die wesenlik-konstituerende van sy kerkwees. Kragtens die genadeverbond behoort 'n mens reeds as kind (van kerklidmate) aan die kerk. Omdat die Nederduitsch Hervormde Kerk nie in die eerste plek en nie alleenlik geloof as grondslag vir sy kerkwees aanvaar nie maar wel die genadeverbond, kan die kerk nie anders as om 'n ruim verbonds- en doopopvatting te huldig nie. As dit is waaroor hy voortdurend belaster word, wil die Nederduitsch Hervormde Kerk dit verdra. Want dan is dit omdat hy verstaan dat die genade van God baie wyer is as al die grense wat die mens in sy vroom godsdienstigheid altyd weer wil vasstel.

Hiermee hang ook saam die feit dat binne die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n gebruik soos kanselruiling 'n aanvaarde en ontspanne praktyk is; so ook die oop uitnodiging na die nagmaalstafel. Met hierdie sieninge kies die Nederduitsch Hervormde Kerk welbewus teen die piëtistiese, heilsindividualistiese inhoude van die vryekerk-siening wat deur baie aangehang word. Daar kan die kinderdoop net gehandhaaf word kragtens die veronderstelde weergeboorte. Die heiligheid en suiwerheid van die kerk kan ook net menslik gewaarborg word deur 'n eng doop- en Nagmaalpraktyk, asook, wat kanselruiling betref, 'n afgetrokkenheid teenoor almal wat nie in dieselfde kerkverband staan nie.

Met hierdie siening van homself as volkskerk maak die Nederduitsch Hervormde Kerk ook 'n welbewuste keuse teen die Rooms-Katolieke Kerkopvatting wat Van Zyl (1989:86) beskryf as bo- of supra-nasionaal. Daarteenoor wil die Nederduitsch

Hervormde Kerk verkondiginggerig wees. Hy is Kerk van die Woord. Daarom kan hy nie anders as om in sy werk rekening te hou met die gegewe werklikheid van die bestaan van volke met eie taal- en ander kultuurentiteite nie. As die kerk uitgaan om te gaan preek dan ontmoet hy volke en kulture en tale. Binne daardie omraming vervul hy sy opdrag. So was dit in die sendinggeskiedenis en so is dit vandag.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk meen dat die gerigtheid van die Kerk wat in die verbindings 'kerk en wêreld' en 'kerk en samelewing' uitgedruk word, op die ou end in die praktyk vernou moet word tot 'kerk en volk'. Die kerk kan hom nie in sy prediking tot 'n wye identiteitlose, taallose vakuum of massa rig nie. Die kerk moet verkondig. Hy wil die wêreld en die samelewing kersten deur dit met die evangelie binne te dring. Maar hy kan dit net doen deur telkens te begin om hom in die prediking tot 'n volk in die taal van dié volk te rig.

'n Mens sou dus kan sê dat daar in die Nederduitseh Hervormde Kerk se siening van homself as volkskerk twee duidelike fasette is: 'n prinsipiële en 'n praktiese. Die prinsipiële van die volkskerk sou ons in die woorde van vroeëre skrywers soos Hoedemaker, Van Niftrik en Dreyer nog 'n keer so wou stel:

> Die begrip volkskerk het as agtergrond 'n verbondsleer, wat daar rekening mee hou, dat die verbond 'n groter ruimte aandui as die kring van uitverkorenes. Volkskerk bring tot uitdrukking dat die Here weet wie syne is, maar dat *ons* dit nie so presies weet nie.
>
> Volkskerk bring tot uitdrukking die erbarming van Jesus met die skare wat die wet nie ken nie. Volkskerk reken met die skape wat 'n mens nie so maklik as skape erken nie, omdat hulle van hierdie teologiese stal nie is nie, en wat daar tóg by behoort. Volkskerk reken met 'n objektiewe en universele betekenis van die heilswerk van Jesus Christus, wat verder reik as die uitgesproke geloofsbelydenis van die Kerk.
>
> (Van der Westhuizen 1989:68)

Die praktiese van die volkskerk is dat die kerk oortuig is dat hy sy apostolaat die beste kan vervul deur met inagneming en erkenning van die gegewenheid van taal en kultuureiendomlikhede met die evangelie na al die verskillende volkere te gaan. So het die Kerk dit probeer formuleer in sy Kerkwet, Artikel III. Dit bly egter vir die Kerk 'n praktiese beleid, nie 'n beginsel nie.

## 6. TRIOMF VAN DIE EKUMENIESE TEOLOGIE IN SUID-AFRIKA

In skerp teenstelling met wat hierbo gesê is, staan die ekumeniese teologie in Suid-Afrika. Ons sou dié teologie ook kan tipeer as bevrydingsteologie, of anti-apartheidsteologie. Nadat dié teologie in Suid-Afrika in 1960 by Cottesloe 'n ernstige

knou toegedien is, is dit onder andere deur die Christelike Instituut in sy publikasie *Pro Veritate* op 'n redelik geïsoleerde vlak voortgesit.

Sedert die einde van die sewentigerjare het dié teologie snelle opgang begin maak. Een vertakking daarvan het gestalte aangeneem in die revolusionêr-teologiese publikasie *The Kairos document* (1985) asook *The road to Damascus* (1989), uitgegee deur die Instituut vir Kontekstuele Teologie. *The Rustenburg declaration* van November 1990 verteenwoordig tot op datum die hoogtepunt en in elk geval 'n duidelike triomf van dié teologie.

'n Ander vertakking van hierdie teologie is sterk gedra deur aktiewe publikasies uit die hoek van die ekumeniese sendingteologie met verteenwoordigers veral uit UNISA, die Universiteit van die Noorde en van Wes-Kaapland en in mindere mate die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch. Die jongste van dié publikasies is *Mission in creative tension, a dialogue with David Bosch* (1990).

Waar die breedste stroom van die amptelike teologie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die verlede steeds 'n duidelike teenpool tot hierdie teologie gevorm het, is die posisie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sy teologie na aanvaarding van die grootste deel van die Rustenburgse Deklarasie nie meer baie duidelik nie. Dié Deklarasie is immers 'n duidelike stuk bevrydingsteologie en vertolk tot 'n groot mate die politieke ideale van die ANC.

Dat kerke wat hulle wil losmaak van sogenaamde ketterse steun aan apartheid, met hulle steun aan hierdie Deklarasie reeds in presies dieselfde slagyster trap, word blykbaar nie deur hulle ingesien nie. Teologie bevat die Deklarasie nie. Die sterkste saambindende faktor in die Deklarasie is dat dit anti-apartheid gerig is. Dit pleit onder andere vir 'n eenheidstaat met 'een mens een stem' en vir die herverdeling van rykdom en grond. Daar is telkens sprake van *the nation, nationbuilding* en *black culture*.

Van bogenoemde ekumeniese sendingteologie kan 'n hele reeks kenmerke onderskei word, soos byvoorbeeld dat dit holisties is in sy benadering, dat dit sending sien as bevryding, dat dit gerig is op verandering in die samelewing, dat dit eenstemmig is in sy veroordeling van die Afrikaanse kerke se teologie as volks-teologie en burgerlike godsdiens.

Die belangrikste kenmerk van dié teologie bly egter die feit dat dit anti-apartheidgerig is en dat dit uit die gemeenskaplike stryd teen apartheid 'n geweldige impuls, krag en kreatiwiteit ontwikkel het. Daarby kom ook die feit dat soos die begrip 'apartheid' gaandeweg tot vloekwoord geword het, ook die Afrikaner se verstaan en gebruik van die begrippe 'volk' en 'kultuur' beswadder is.

## 7. KONKLUSIES

* Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal waarskynlik nie 'n drang voel om skuld teenoor ander mense te bely oor die aandeel wat hy mag gehad het aan die begronding van die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie. As dit gaan om skuldbelydenis voor God, is daar in elk geval niks van sy lewe en werk waarvan die Kerk nie moet bely dat dit deur en deur sleg is nie.

  Maar wat dié Kerk waarskynlik wel sal wil ontken, is dat hy dié beleid op staatkundige terrein op fundamentalistiese wyse op Bybeltekste gaan grond het. Wat betref sy eie interne beleid van skeiding, het die Kerk steeds gesê dat dit vir hom 'n praktiese beleid en nie 'n Skriftuurlike beginsel is nie. Dit beteken nie dat die Kerk nou ideologies oor dié sake dink nie. Ook in sy ontwerp van byvoorbeeld 'n praktiese sendingbeleid dink en teologiseer hy steeds vanuit die Skrif.

  Daarby het die Kerk in sy teologiese besinning steeds die gevaar wat veral vir 'n volkskerk op die loer lê, om naamlik 'n wesensidentifikasie tussen kerk en volk te laat ontstaan, besef en daarteen gewaak (Oberholzer 1969:219-228).

* Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal waarskynlik in elk geval nie 'n skuldgevoel hê oor die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie. Die Kerk het konsekwent daarop aangedring dat dié beleid gelyke geleenthede moet skep en nie diskriminerend moet wees nie (Gelyke Geleenthede, in Van Wyk 1963; vgl ook die verklaring van die Algemene Kerkvergadering 1976).

  Terwyl die Kerk sê dat dit nie sy taak is om te kies tussen staatkundige modelle nie, het die Kerk in die verlede voorkeur gegee aan 'n beleid wat ruimte geskep het vir afsonderlike, gelyke geleenthede en die voortbestaan van die onderskeie volke in Suid-Afrika (*Kerk en wêreld 2000* 1985:66). Ek glo dat die Kerk by dié voorkeur sal bly sonder om daarmee vir een oomblik te impliseer dat hy nie onder 'n ander opset wat op hom afgedwing mag word, sal kan voortbestaan of met sy werk sal kan voortgaan nie.

* Die Nederduitsch Hervormde Kerk sou graag wou vra dat indien daar enigsins van hom gepraat of van sy oortuigings oor volkereverskeidenheid en die verhouding 'kerk-volk' notisie geneem word, daar dan deeglik van sy eie teologiese standpunte kennis geneem word. Hy sou graag nie langer saam met andere as 'n spesie van die Kuyperiaanse Neo-Calvinisme beoordeel wil word nie, want hy is dit nie. Terselfdertyd sou hy wou vra dat daar opgehou word met die onverantwoordelike en oppervlakkige gelykstelling van 'volkskerk' met 'etniese kerk' (Kritzinger & Saayman 1990:164). In die begrip 'volkskerk' skuil baie dieper teologiese inhoud en agtergrond as wat tans in Suid-Afrika met 'n negatiewe etnisiteitsbegrip uitgedruk word.

* Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal waarskynlik, as hy by dié aangewese moment kom, verklaar dat die huidige miskenning van die betekenis van etnisiteit eensydig, vals en misleidend is. Die wyse waarop 'volk' saam met 'rassisme' en 'apartheid' tot skeltaal gemaak is, dui op 'n ernstige dwaling. Net so ernstig is die dwaling dat die kerk hom nou moet begin beywer vir die totstandkoming van een menslike ras in Suid-Afrika (Villa-Vicencio 1990:6).
* Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal waarskynlik wil bly staan by sy uitsprake uit die verlede oor sy solidariteit met die Afrikanervolk. Dié solidariteit is onder andere duidelik uitgespreek in *Kerk en wêreld 2000* (1985:4), genoemde artikel van Oberholzer asook in 'n artikel van Van Zyl (1942:58-62) uit die tyd van die Tweede Wêreldoorlog. Dié solidariteit beteken ook dat die Kerk nie die volk onder wie hy vir meer as 300 jaar al die evangelie verkondig, die rug sal toekeer in sy uur van nood nie. Dit beteken nie dat die Kerk moet inspring en met politieke keuses die voortbestaan van die volk moet probeer red nie. Dit beteken wel dat die Kerk, terwyl hy die nodige kritiese afstand tot die volk behou en terwyl hy die wil van God in sy volle omvang vir die volk moet bly voorhou en verkondig, nooit twyfel sal laat oor sy deernis en solidariteit met die volk nie. Die beste en die enigste wyse waarop die Kerk dit egter kan doen, is om aan te hou om aan die volk die volle raad van God te verkondig.
* Die Nederduitsch Hervormde Kerk sou waarskynlik wou volstaan met sy oortuiging dat patriotisme nie sonde is nie. Die Kerk moet aanvaar dat daar mense in sy midde en in ons land is vir wie dit goed genoeg is om tot 'n wêreldras, bestaande uit individue, te behoort. Terwyl die Kerk diegenes se oortuigings respekteer, sou hy hulle tog miskien wou vermaan om dieselfde respek vir ander gelowiges en landsburgers se oortuigings te toon.

Die Here Jesus Christus het by geleentheid gewaarsku dat ons nie ouers, broers of susters bo Hom moet lief hê nie. Daaruit kan tog nie die konsekwensie getrek word dat die liefde vir ouers, broers en susters op sigself verkeerd is nie. Net so min kan die feit dat die volk maklik tot afgod word en dit al in die verlede geword het, beteken dat die bestaan van volke of die liefde vir die volk en sy kultuur, op sigself verkeerd en sondig is. As ons dan moet bely, dan wil ons bely dat Jesus Christus, sy kerk en sy diens vir ons absoluut, alles, vir tyd en ewigheid is. Met wat ons in Hom het, kan niks in die hemel of op die aarde selfs vergelyk word nie. En ons dank God vir die geloof in Jesus Christus waardeur ons geleer het om alles wat daar verder mag wees as gawes uit sy hand te ontvang.

Literatuurverwysings

Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1976. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA Kerkargief.

Botha, A 1987. 'n Volksteologie. *NGTT* 28, 119-124.

Botha, S J 1989. Die volkskerk, in Botha S J (red), *Belydende volkskerk*. Pretoria: KITAL.

Blenk, C 1988. *Kerk en wêreldgeschiedenis van de 20e eeuw*. Kampen: Kok.

Breytenbach, A P B 1979. Die waardering van die volkereverskeidenheid in die Ou Testament, in Van Wyk, D J C (samesteller), *Lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Studie oor Artikel III van die Kerkwet*, 169-174. Ongepubliseerde publikasie, DIe kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Coertze, R D 1979. Memorandum oor die volkekundige implikasies van Artikel III van die Kerkwet, in Van Wyk, D J C (sameroeper), *Lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Studie oor Artikel HI van die Kerkwet*, 156-168. Ongepubliseerde publikasie, Die kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Du Preez, A B 1959. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens*. Pretoria: HAUM.

Du Rand, J J F 1979. Die reformierten Kirchen in den Gesellschafts- und Rassenkonflikten Südafrikas. *RKZ* 120, 183-185.

Du Toit, A 1987. 'n Sluipende gevaar: Wil van God moet nie met dié van volk verwar word. *Beeld* 1 Junie, 14.

*Geloof en protes* 1987. 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van 'Kerk en samelewing'. Pretoria.

Gelyke geleenthede 1963. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, in Van Wyk, D J C (red), *Stemme uit die verlede*, 242-257. Pretoria: HAUM.

Geyser, A S 1960. Christelike godsdiens en eiesoortige volksdiens. *HTS* 16, 1-30.

Heyns, J A 1990. Nuwe Suid-Afrika... Dit is die werk van die Gees van God. *Beeld* 6 Februarie, 14.

*Kerk en wêreld 2000* 1985. Pretoria: KITAL.

Kinghorn, J 1986 (red). *Die NG Kerk en apartheid*. Johannesburg: Macmillan.

König, A 1987. *Super-apartheid in die Kerk: Die oortuigings van die beswaardes volgens Geloof en protes*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kritzinger, J N J & Saayman W H (ed) 1990. *Mission in creative tension, a dialogue with DavId Bosch*. Pretoria: SA Misiological Society.

Oberholzer, J P 1969. Die Kerk en die staatkundig kulturele vlak van die volkslewe: 'n Oorsig van die afgelope dekade. *HTS* 25, 219-228.

Pont, A D 1986. Verbond en volkskerk. *HTS* 42, 28-76.

Potgieter, F J M 1990. *Kerk en samelewing – 'n Wesenskou*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Instituut vir kontekstuele teologie, 1985. *The Kairos document*. Johannesburg.

--- 1989. *The road to Damascus*. Johannesburg.

--- 1990. *The Rustenburg declaration*. Johannesburg.

Van Aarde, A G 1979. Volkereverskeidenheid en die Nuwe Testament, in Van Wyk, D J C (sameroeper), *Lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Studie oor Artikel III van die Kerkwet*, 175-179. Ongepubliseerde publikasie.

Van der Merwe, H 1986. Noordmans en die Duitse Kerkstryd. *NGTT* 27, 314-338.

Van der Westhuizen, H G 1981. *Volkskerk en sending*. Pretoria: KITAL.

--- 1989. Volkskerk as normale kerkbeskouing, in Botha S J (red) 1989, *Belydende volkskerk*, 48-85. Pretoria: KITAL.

Van Zyl, F J 1942. Ons kerk en ons volk. *Die Almanak*, 58-62. Pretoria: NHW Pers.

--- 1989. Volkskerk en vryekerk, in Botha S J (red) 1989, *Belydende volkskerk*, 86-97. Pretoria: KITAL.

Verkuyl, J 1975. *Inleiding in de nieuwere zendingswetenskap*. Kampen: Kok.

Villa-Vicencio 1990. Kerk sal nasie van apartheid weglei. *Die Transvaler* 8 November, 6.